

## Betaalde tee- en ander pouses, of nie?

**Vraag:** Is werknemers op betaalde tee- en ander pouses gedurende die werksdag geregtig?

**Antwoord:** Oor die algemeen is werknemers nie op betaalde tee- en ander pouses geregtig nie. Daar is egter sekere uitsonderings.

**Kort verduideliking:** Etenspouses word deur Artikel 14 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD) gereguleer (en dit is onbetaald, tensy van die werknemers verwag word om vir werk beskikbaar te wees). Die WBD sê niks oor tee- of ander pouses nie. Dit staan werkgewers en werknemers dus vry om hulle eie ooreenkoms rakende sodanige pouses aan te gaan. Ingevolge die gemene reg sou sodanige pouses onbetaald wees ('geen werk, geen betaling'), tensy die partye op betaling daarvoor ooreenkom. Daar is egter sekere uitsonderings. Een voorbeeld is SV9: Groothandel- en Kleinhandelsektor, wat stipuleer dat, bykomend tot hulle daaglikse onbetaalde etepouses, werknemers op twee betaalde 15-minute pouses, wat as werktyd beskou word, geregtig is; asook die Hoof Kollektiewe Ooreenkoms van die Bedingingsraad in die Staal- en Ingenieursbedryf wat vir twee betaalde 10-minute pouses voorsiening maak.

**Alternatiewe argument:** Sommige redeneer dat tee- en ander pouses betaald moet wees. Hulle beroep hulle op Artikel 14(4) van die WBD, wat soos volg lees: *"Vir die doeleindes van Subartikel (1), is werk aaneenlopend indien dit nie deur 'n pouse van ten minste 60 minute onderbreek word nie."* Volgens hierdie redenasie word 'n kort onderbreking (soos 'n teepouse) dus inderdaad as dié soort 'onderbreking' beskou – wat beteken dat dit as aaneenlopende werk beskou word en derhalwe betaald moet wees. Na ons mening word 'n belangrike aspek oor die hoof gesien. Die inleidende frase *"Vir die doeleindes van Subartikel (1)"* is hier van belang, want dit dui aan dat hierdie subartikel slegs betrekking het op etenspouses. Vir die redenasie ten gunste van betaalde tee- en ander pouses om geldig te wees, sou 'n mens verwag dat die WBD pertinent na sodanige pouses sal verwys. Dit doen egter nie.

Sien ook 'n verdere bespreking van hierdie punt by [http://www.youtube.com/watch?v=Ls2\\_L025b1g](http://www.youtube.com/watch?v=Ls2_L025b1g)

*Artikel verskaf deur Jan Truter van Labourwise*

[www.labourwise.co.za](http://www.labourwise.co.za) is 'n aanlyn-arbeidsverhoudingsdiens wat ten doel het om werkgewers met die inwerkingstelling van doeltreffende arbeidsverhoudinge te help. Kontak hulle via die webtuiste of by [info@labourwise.co.za](mailto:info@labourwise.co.za).